

30 November

Skrifgedeelte: Openbaring 1:9-20

Fokusgedeelte: Openbaring 1:19

### 'n Christen moet volhard

Wat volharding is, kom mooi na vore as 'n mens kyk na wat 'n atleet doen: As hy na 'n lang, vermoeiende wedloop die laaste paar tree na die wenstreep steeds voluit gee, al sy kragte inspan om sy beste te gee, dan is dit volharding. Volharding is om klaar te maak wat jy begin het en jou nie te laat afsit deur teëspoed nie.

Die Here roep ons op om op verskillende terreine te volhard: "Volhard in die *gebed!*" (Kol 4:2). Jy moet volhard in *geloof, liefde* en 'n *heilige lewe* (1 Tim 2:15). Christus koppel 'n belofte aan volharding: "Wie tot die einde toe volhard, sal gered word" (Mark. 13:13).

Omdat jy as die Here se kind nie *van* hierdie wêreld is nie en tog *in* hierdie wêreld is, kan jy teenstand uit baie oorde af verwag. Veral die aanvalle van Satan en verleidinge van die wêreld gaan die lewe vir jou soms moeilik maak. Hy sal wil hê jy moet 'n leuen vertel. Jy gaan met siekte te doen kry. Die duiwel gaan die blink wat geld bring vir jou aantreklik maak. Jy gaan gekonfronteer word met die lelike houding en opmerkings van ander mense. En dan sal jy steeds geduldig moet bly, steeds selfbeheersing aan die dag moet lê, steeds onbevange eerlik moet wees. As mense jou met haat bejeën, sal jy met liefde teenoor hulle moet optree. Teen alle weerstande in sal jy toegewyd aan die waarheid moet lewe. Jy moet enduit volhou met dit wat God in jou begin het: "Wees heilig, want Ek is heilig" (Lev 11:44). Alleen dan sal jou lig as Christen skyn en sal jy die donker om jou en uit jou verdryf. Dit sal nie altyd vir jou maklik wees nie, maar omdat jy 'n kind van God is, kan jy soos sy kind lewe. Wees God se ligdraer. Leef teen alle weerstande in soos 'n Christen – en moenie tou opgooi nie!

Sing: Psalm 25:5,6

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)